LES 2

# DIE TIEN GEBOOIE

## DIE EERSTE 3 GEBOOIE

Ons het in lessie een lekker gesels oor die storie van hoe die 10 gebooie ontstaan het.

Nou gaan ons so bietjie gesels oor wat is die gebooie en hokom is dit so belangrik.

**Deuteronomium 5:7 - 9**

7 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
8 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis
maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die
aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
9 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien
nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die
misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan
die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

LES 2

# DIE TIEN GEBOOIE

## DIE EERSTE 3 GEBOOIE

Deesdae ken ons nie regtig van beelde wat ons voor buig en aanbid nie.  So hoe is hierdie vers dan belangrik vandag?






Ek dink daar is ander goed as beelde wat ons deesdae 'n afgod maak.  Kom ons dink saam.
Ek sou se, enigiets wat ons eerder doen as om tyd met Jesus te spandeer of om te bid.



- Selfone
- TV kyk
- Rekenaars
- Online, selfoon of rekenaar games speel




As jy 'n gunstelling plant, teddie of iets het en jy vra vir die plant of teddie of iets om vir jou te help as jy sukkel.
Of jy vra die dingetjie om vir jou goeie geluk te bring.
Dan maak ons daai ding 'n afgod want ons vertrou op iets anders as God om vir ons te help.  Baie mense as hulle 'n board game speel soen die dobbel steentjie vir geluk.




Ons kan selfs mense afgode maak.  Die engelse woord vir afgod is 'n idol.  Baie keer is 'n movie ster of 'n bekende sanger vir ons 'n idol en ons sal enigiets doen wat hulle sê of doen en ons wil net soos hulle wees.



LES 2

# DIE TIEN GEBOOIE

## DIE EERSTE 3 GEBOOIE

As ek gaan kyk na alles wat hier geskryf staan en ek dink aan my lewe, dan kan ek sommer 'n paar goedjies dink wat ek 'n afgod maak.

Nou wat nou, wat as ons dalk 'n afgod van iets gemaak het? Beteken dit ons gaan nie meer hemel toe nie?

Nee, glad nie..

Ek is so dankbaar dat Jesus gekom het om vir ons sondes te sterf en weer op te staan op die 3de dag.

Omdat Jesus al ons sondes op Hom gevat het, hy het die skuld voor God gedra vir alles wat ons verkeerd gedoen het sodat ons sondeloos voot God kan staan.

Ons kan net na God toe gaan en bid, Vader, ek kom na U toe in die naam van Jesus Christus. Ek vra U vergewe m sondes asb en was my skoon.


Net so vergewe Hy jou en Hy dink nie weer aan daardie sondes nie.

Ons moet net onthou om nie weer en weer en weer dieselfde ding oor te gaan doen nie. Ons moet regtig ophou en dit nie weer doen nie.

LES 2

# DIE TIEN GEBOOIE

Op die klip tafels, plak prentjies wat jy dink vir jou ‘n afgod kan wees. Sit hierdie dan iewers waar jy elke dag kom dat jy elke dag kan onthou om Jesus bo hierdie goed te sit.



LES 2

# DIE TIEN GEBOOIE







